



PUNTE 100

Hierdie memorandum bestaan uit 5 bladsye

NOTA:

- Die memorandum is veronderstel om as gids vir die merkers te dien.
- Leerders se response moet op meriete beoordeel word.
- Antwoorde moet holisties geassesseer word en moet daarvolgens bepunt word.

INSTRUKSIES AAN NASIENERS

- Verkeerde spelling van een-woord-antwoorde mag nie verkeerd gemerk word nie, tensy anders aangedui op die memorandum OF as die spelling die betekenis van die woord verander. Verkeerde spelling en taalfoute in langer antwoorde in die begripstoets moet nie gepenaliseer word nie omdat die fokus op begrip val.
- Vir oop vrae antwoorde, mag geen punt toegeken word vir JA / NEE of EK STEM SAAM / STEM NIE SAAM nie. Die rede / motivering moet in ag geneem word en moet die antwoord ondersteun.
- Vir FEIT / OPINIE vrae, moet die punt verdeel word, naamlik 1 punt vir FEIT / OPINIE en 'n punt vir die rede / motivering. Die punt vir die rede / motivering word slegs toegeken indien die FEIT / OPINIE deel van die antwoord korrek is. **Let wel** 'n punt kan nie toegeken word vir 'n motivering of 'n interpretasie (FEIT / OPINIE) wat verkeerd is nie.
- Wanneer een-woord-antwoorde verwag word en die leerder skryf 'n volsin, merk dit korrek indien die regte woord onderstreep / **uitgelig** word.
- Wanneer twee / drie feite / antwoorde vereis word en 'n hele reeks word gegee, word slegs die eerste twee / drie feite gemerk. Korrekte moontlikhede moet in die volgorde en volgens die punttoekenning gemerk word. Indien twee punte toegeken word, word SLEGS die eerste twee punte gemerk.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word óf die letter óf die geskrewe korrekte antwoord as korrek aanvaar

Nommer	VERWAGTE ANTWOORDE	PUNTE
1.	B. ✓ kaartjieverkope te bevorder.	1
2.	D. ✓ <i>The Lion King</i> is 'n moet-sien produksie van verwondering vir gehore.	1
3.	Die uitroepteken beklemtoon / lig uit / 'n emosie, stelling, idee word uitgebeeld. ✓ ✓	2
4.	A. ✓ tussen 12 uur die middag en middernag	1
5.	Lewenslus verwys na van die volgende - Hy is braaf / manhaftig/ vol energie / geesdriftig / energiek / lewenslustig / opgewek / lus vir die lewe ✓ (enige ander gepaste woorde)	1
6.	D. ✓ Die storie van Simba se reis van welpie tot die koning van die trop.	1
7.	B. ✓ Geen foute	1
8.	Feit. Kinders onder die ouderdom van 3 jaar sal nie toegelaat word nie / kinders van 5 jaar en ouer sal toegelaat word. ✓ ✓	2
9.	Teen ✓ Hy sê, "dit is 'n afgryselike praktyk..." / "Dit is hartseer dat leeus vanuit Afrika verdwyn." (Leerder word nie gepeenaliseer vir geen aanhalingstekens nie.) ✓	2
10.	A. ✓ Groot met verhewe prag	1
11.	Die vertoning word aanbeveel vir kinders ouer as vyf maar (hulle / kinders) moet 'n geldige kaartjie hê. ✓	1
12.	Merk slegs een korrekte antwoord. opponent / vyand / teenstaander / mededinger / anti-held / teenspeler ✓	1
13.	Ja, (slegs 'n relevante rede) want hulle wil Afrika se diere /skoonheid/ musiek geniet / beleef / ervaar / sien. OF Nee, (slegs 'n relevante rede wat verband hou met die teks) Toeriste hou nie van Afrika nie./ Toeriste mag dalk nie in Afrika of diere belangstel nie. ✓ ✓	2
14.1	Merk slegs een korrekte antwoord. Dit is in kolomme geskryf. ✓ Die paragrafe is ingesny. ✓ Daar is 'n opskrif. ✓ Erkenning ✓ Artikel is aangepas ✓ Gee verwysing of aan die einde. ✓	1
14.2	Die naam van die blyspel sowel as die karakters word genoem. / Opinie word uitgedruk omtrent die kwaliteit van die produksie, spel van die akteurs. / Dit word aanbeveel. / Die publiek word aangemoedig om kaartjies te bespreek. / Visuele ondersteuning / Prente word gebruik om lesers aan te moedig. ✓ (Aanvaar enige een.)	1
15.	✓ een punt vir geen aanhalingstekens nie ✓ een punt vir "sê" Die resensent sê (dat) die blyspel teen die agtergrond van die majestueuse Serengeti vlaktes afspeel. / Die resensent sê die blyspel speel teen die agtergrond van die majestueuse Serengeti vlaktes af.	2
16.1	Twee fantastiese akteurs ✓	1
16.2	Timon en Pumbaa is by verre die mees ikoniese karakters in die produksie. ✓	1

17.1	werkwoord ✓	1
17.2	bywoord ✓	1
17.3	voorsetsel ✓ (spelling moet korrek wees)	1
18.	vertonings ✓ mense ✓ (spelling moet korrek wees)	2
19.	gery ✓ gesing ✓ (spelling moet korrek wees)	2
20.	1. Vreedzaamheid ✓ 2. Afrika-agtergrond ✓ 3. gelag ✓ 4. 'n ✓ 5. ervaring ✓ (Antwoorde mag in enige volgorde gegee word) (Spelling moet korrek wees)	5
21.	duidelike ✓ (Spelling moet korrek wees)	1
22.	Leeus het minder geword in Afrika. / Leeus in Afrika het minder geword. ✓ (Spelling moet korrek wees)	1
23.	C. ✓ Afkappingsteken	1
24.	1. Opskrif - Simba / Simba se reis (enige aanvaarbare antwoord.) ✓ 2. Die vertoning open met die "Circle of Life" lied ✓ 3. Nathaniel Logan McIntyre is Simba. ✓ 4. Simba gaan weg as 'n welpie en kom terug as 'n volwasse leeu om die troon terug te wen. ✓ 5. Timon en Pumbaa is twee karakters in die vertoning. ✓ (Enige aanvaarbare antwoord in enige volgorde. Merk slegs tot by 55 woorde.)	5
25.	C. ✓ Herwin jou rommel	1
26.	B. ✓ Respek	1
27.	Die leser moet skaam voel / teensinnig / verleë / afgryse / skuld. (Enige een is aanvaarbaar.) ✓	1
28.	Alliterasie ✓	1
29.	Almal wat besoedel bv. persone wat leë plastiekbottels weggooi in waterbronne/ strande besoedel/ die breë publiek / rommelstrooiers / morsjorse / vakansiegangers. ✓ Seediere sterf uit a.g.v besoedeling / geld word spandeer om die strande skoon te maak. ✓ (Enige een of 'n soortgelyke antwoord)	2
30.	Ja, dit is belangrik om na ons omgewing om te sien deur nie rommel te strooi nie./ om ons planeet te beskerm. ✓ ✓ (Geen punt vir "JA of NEE" indien die rede nie geldig is nie.) (Indien NEE geantwoord is, moet die rede met teks verband hou.)	2
31.	Jy / jou. Spreek die leser direk aan / verpersoonlik. ✓ Dit laat die leser skuldig / sleg voel / skaam voel ✓ (Aanvaar enige soortgelyke antwoord)	2
32.	C. ✓ Die rustigheid van die bosveld.	1
33.	A. ✓ Kalmerend	1
34.	Ja. Hulle waardeer die dieregeluide en nuanse van die sonsondergang. ✓ ✓ Geen punt vir "JA of NEE" indien die rede nie saamstem nie. (Enige relevante antwoord).	2

35.1	Personifikasie✓ / menslike eienskappe aan sonbesies gee✓	2
35.2	Personifikasie ✓ – die nag antwoord soos 'n persoon✓	2
36.	Letterlik: Jy skop 'n dier se nes net soos jy 'n bal sou skop. ✓ Figuurlik: Huis op te sit / nuut begin. ✓	2
37.	Die doel van die spotprent om renosterstropery in Suid-Afrika te stop/ om die saak van renosterstropery aan te spreek. (Aanvaar 'n soortgelyke antwoord)✓✓	2
38.1	Kersvader/ wildbewaarder/ renoster aktiviste / magtelose outoriteit / vader / moeder.✓	1
38.2	Die veld / 'n wildplaas / natuur / die bos / wildernis / natuurreserveaat / wildreservaat ✓ (Enige ander geskikte opsie)	1
39.1	Hy sit op die volwasse renoster se knie / skoot. / Hy kyk na die volwasse renosters met vertroue / hy sit baie stil. (Enige relevante antwoord)✓	1
39.2	A ✓ Hartseer	1
40.	Kersfees / Feesseisoen / somervakansie / Desember vakansie / jagseisoen.✓	1
41.	Om hom te beskerm teen stropers. / Die volwasse renoster se horing is reeds verdwyn en hy kan nie sy baba beskerm nie. Die verwydering van die renoster se horing het tot gevolg dat hy magteloos is. ✓✓ (TWEE punte kan toegeken word vir 'n goed gemotiveerde antwoord). (EEN punt word toegeken vir 'n bevredigende antwoord.)	2
42.	Hy is miskien 'n slagoffer van stropers. / Die horing is afgehaal om hom teen stropers te beskerm. / Die renoster is magteloos om sy kind te beskerm. ✓ (Enige relevante antwoord)	1
43.	Die spotprent handel oor die ernstige kwessie renosterstropery / hulle lewe word bedreig wat 'n ernstige omgewingskwessie is. (Enige ander gepaste antwoord. 'n Rede binne konteks). ✓✓ (TWEE punte kan toegeken word vir 'n goed gemotiveerde antwoord.) (EEN punt word toegeken vir 'n bevredigende antwoord.)	2
44.	Skryfstuk word geassesseer met behulp van 'n rubriek. Skryf die leerder se punt in die tabel op die vraestel. 1. Lees deur die hele opstel en besluit op 'n punt vir BEPLANNING en REDIGERING. 2. Lees weer deur die opstel en kies 'n kategorie vir INHOUD, OORSPRONKLIKHEID EN STYL. 3. Lees weer deur die opstel en kies 'n kategorie vir PARAGRAFERING EN SAMEHANG. 4. In die volgende kategorie word 'n punt gegee vir WOORDESKAT, SINSTRUKTUUR, IDIOMATIESE TAALGEBRUIK, SPELLING, PUNKTUASIE.	25

GROOTTOTAAL: 100

Assesseringsrubriek – opstel

Graad 9 Huistaal

Totaal: 25

	5	4 - 3	2-1	0
Beplanning en redigering	Deeglike beplanning lei tot 'n uitstekende opstel	Beplanning duidelik lei tot 'n goeie opstel	Enkele bewyse van beplanning lei tot 'n voldoende opstel.	Geen bewys van beplanning.
	10-9	8-6	5-3	2-0
Oorspronklikheid in hantering van 'n beskrywende onderwerp, ontwikkeling van inhoud en styl.	Toon uitstekende oorspronklikheid in die hantering van die onderwerp. Uitstekende insig wat betref die inhoud. Uitstekende styl, toon en register.	Toon goeie oorspronklikheid in die hantering van die onderwerp. Inhoud effektief hanteer. Styl, toon en register hoogs toepaslik.	Effense poging om oorspronklik te wees. Inhoud is redelik hanteer. Styl, toon en register het tekort aan samehang.	Geen oorspronklikheid. Inhoud deurmekaar Styl, toon en register onvanpas.
	5	4-3	2	1-0
Paragrafering en samehang.	Goeie paragrafering. Logiese en effektiewe skakeling tussen paragrawe. Inleiding en slot is treffend.	Gepaste paragrafering. Logiese skakeling tussen paragrawe. Inleiding en slot is goed.	'n Poging tot paragrafering. Baie min skakeling tussen paragrawe. Inleiding en slot is gemiddeld.	Geen paragrafering. Onderwerp deurmekaar hanteer. Geen inleiding en slot.
	5	4-3	2	1-0
Woordeskat, spelling, sinstruktuur, idiomatiese taalgebruik, punktuasie	Uitstekende gebruik van woordeskat. Korrekte sinstruktuur, spelling, punktuasie. Hoofsaaklik korrekte taalgebruik. Uitstekende kritiese taalbewustheid.	Goeie gebruik van woordeskat. Korrekte sinstruktuur, min foute in taalgebruik, spelling en punktuasie. Goeie kritiese taalbewustheid.	Genoegsame woordeskat. Sinne meestal korrek, foute in taalgebruik, spelling en punktuasie. Gemiddelde kritiese taalbewustheid.	Baie min woordeskat. Swak sinstruktuur, baie foute in taal, spelling en punktuasie. Swak kritiese taalbewustheid.